

Kom terug na God toe!

Die Bybel vertel ons van die Verlore Seun: '...En toe hy nog ver weg was, het sy pa hom gesien aankom. Oorweldig deur liefde en deernis het hy na sy seun toe gehardloop, hom omhels en gesoen.' Toe hy nog ver weg was, het sy pa na hom toe gehardloop. Hoekom? Omdat sy verhouding met sy seun nie op daad gebaseer was nie, maar op die feit dat hy hom lewe gegee het en hom in die familie ingebring het. Wanneer jy dink aan die dinge wat sy vader hom daardie dag gegee het, sal jy die betekenis van elke item besef. 1) Die mantel. Dit het sy identiteit as seun bevestig. God sien jou nie in jou swakheid nie; Hy sien jou geklee in die regverdigheid van Christus (sien 2 Korintiërs 5:18-19). 2) Die ring. Dit was 'n seëlring met die familie seël op wat hom die gesag gegee het om weer besigheid in sy vader se naam te doen. 3) Die sandale. Huisbediendes het nie skoene gedra nie, net die familie het. Hy het terug huis toe gekeer met die hoop dat hy ten minste 'n werk in die werkers se kwartiere kon kry. Sy vader het egter nie net sy identiteit en gesag herstel nie, hy het hom ten volle as familielid herstel. 4) Die feesmaal. In daardie tyd, wanneer jy teen jou vader se gesag gerebelleer het, het hulle 'n 'seremonie van skande' gehou, wat beteken het dat jy nooit kon terugkeer nie. Nie sy vader nie - hy het 'n partytjie gehou! Jesus het ons sonde op Homself geneem. 'God het Hom wat nie sonde geken het nie, sonde gemaak ter wille van ons sodat ons, op grond van ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan word' (2 Korintiërs 5:21 NLV).

Die woord vir jou vandag is - kom opnuut terug na God toe! Moenie langer wag of uitstel nie - jy weet nie wanneer is jou laaste dag nie!!!

deur Bob & Debby Gass

Gemeente - Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid asb vir Janine Vorster-vir deurbraak in haar gesondheid
- *Bid asb vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
- *Bid asb vir Maria Steyn-vir volkome genesing
- *Bid asb vir Oom Sampie Swart -vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
- *Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy-vir volkome genesing. Albei ernstig siek
- *Bid asb vir Ria Putter-vir volkome genesing
- *Bid asb vir JP vd Walt-het longvlies-kanker. Vir volkome genesing
- *Bid asb vir Hennie v Aswegen-vir spoedige herstel
- *Bid asb vir John Stapleton-vir beterskap en volle genesing Het brein operasie gehad
- *Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid asb vir Basie Roux vir volle genesing-hy het prostaatkanker
- *Bid vir Elsabé Pretorius-vir volle genesing na nek operasie
- *Bid asb vir Evie Benson vir volle genesing
- *Bid asb vir Apie & Elaine Greyling en familie vir vertroosting met die afsterwe van Elaine se sussie Christa
- *Bid vir André & Fransie v Wyk vir vertroosting na die afsterwe van André se moeder

EK self gee jou die opdrag. Wees **STERK**, wees **VASBERADE**. Moenie **SKRIK** nie, moenine **BANG** wees nie, want **EK**, die **HERE** jou **GOD**, is by jou **ORAL** waar jy gaan!
Josua 1:9

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
25 Des 2019	Kersdiens @ 08:00	NG Kerk
19 Jan 2020	Oom Karolus & Lente	NG Kerk
17 Mei 2020	Paassangdiens - Rudi Muller @ 08:30	

(hierdie geleentheid mag jy nie misloop nie)

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U! AMEN



Therefore
I say to you,
whatever things you
ask when you pray,
believe that you receive them,
and you will have them.
Mark 11:24

Gedagte vir die week

GO BE A
BLESSING!